

God se Heerlike kontraste

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: Eng/Afr B113b

Skriflesing uit: 11 Kor.12:1-10

Kernvers: - 'Daarom het ek behae in swakhede, in mishandeling, in node, in vervolginge, in benoudhede, om Christus wil. Want as ek swak is, dan is ek sterk.'

In baie opsigte is die evangelie van die Here Jesus Christus vol van kontraste. Kom ons ondersoek onself om te sien of daar ook sulke kontraste in ons lewens is:

Hier noem Paulus al die ontberinge wat hy moes deurmaak; hy praat van 'n engel wat hom met die vuis slaan en waaroor hy driemaal gebid het maar die Here het vir hom gesê: 'My genade is vir jou genoeg, My krag word in jou swakheid volbring'.

Daarom dat Paulus kon sê: 'As ek swak is dan is ek sterk'. En dat hy eerder in sy swakheid sou roem sodat die krag van Christus in sy lewe openbaar kon word'.

Te veel keer dink ons dat ons sterk is wanneer alles goedgaan - in ons werk, ons finansies, ons gesinne, verhoudings, gesondheid, op watter vlak ookal. As dit dan met iemand anders nie so goedgaan nie (dalk 'n drankprobleem), of hy het sy werk verloor, dinge loop net skeef in sy lewe.

So maklik kan ons neersien op so 'n persoon, maar dan is dit eintlik jyself met wie dit nie so goedgaan soos wat jy gedink het nie.

Maar dalk het u alreeds op daardie plek gekom waar u besef dat u eintlik 'bankrot' is en dat u 'n groot behoefte aan God in u lewe het. U het sy krag en Sy liefde nodig – dit is die genade van die Here as ons by so 'n plek in ons lewens kom wanneer ons ons eie bankrotskap besef.

Om te besef dat ek eintlik niks is nie en sê: 'Here wees my sondaar genadig! Stort opnuut U liefde en U deernis uit in my hart en dat dit dan is wat Sy krag in jou lewe kan begin werk. Wanneer ons besef dat in onself ons eintlik niks is nie, dan eers kan God iets van ons maak....